Tema: Potlood gelykenis
Teksvers: Jesaja 49:1 en 13, Psalm 23:2, Jesaja 41:10 en
1 Johannes 1:9, Psalm 51 :8, 12, Jesaja 31:21 en 2 Korintiërs 3:1-3 en 18.

GELYKENIS VAN DIE POTLOOD

Dié gelykenis kan op die volgende maniere benut word:

- ♥ As 'n eenmalige les
- ♥ Behandel een beginsel op 'n slag - vir vyf weke lank as 'n vervolgverhaal
- ♥ Behandel een beginsel op 'n slag - vir wyf weke lank en brei dit uit tot 'n volledige les in klassies.

'n Potlood-maker het die volgende gesprek met 'n potlood gevoer net nadat hy hom klaar gemaak en mooi geverf het. Hy het gesê: Voor ek jou die wêreld instuur, is daar vyf belangrike dinge wat jy moet onthou.
As jy altyd aan hierdie beginsels dink en dit in jou lewe toepas, sal jy die beste potlood word wat jy kan wees.

1. Jy sal baie dinge kan skryf of teken, maar jy sal net kan skryf as jy gaan toelaat dat 'n mens jou vashou.
2. Jy sal van tyd tot tyd baie seerkry. Maar jy moet ongelukkig soms skerp gemaak word. Dit sal jou help om 'n nog beter potlood te wees.
3. Jy sal alle foute wat jy dalk mag maak, kan regmaak - nie op jou eie nie, maar met die hulp van die mens wat jou vashou.
4. Die heel belangrikste deel van jou is die binneste grafiet wat deur die hout bedek word. Dis eintlik hierdie binneste deel wat van jou 'n regte potlood maak.
   Maak nie saak op watter oppervlak daar met jou geskryf gaan word nie, jy gaan 'n merk nalaat - soms hard, soms sag, soms mooi, soms lelik.
   Party oppervlakke is moeiliker om op te skryf as ander, maar van jou gaan verwag word om te skryf.

Die potlood was baie dankbaar vir die goeie raad en het met 'n positiewe houding op die winkelrak gaan lê. Hy kon nie wag om 'n eienaar te kry nie.

Hierdie vyf beginsels kan ons elkeen in ons lewens toepas, dan sal ons ook die beste kan word wat God van ons verwag.

1. God het vir jou en my lewe groot en mooi planne, maar ons wil nie altyd na God luister en daardie pad loop wat God wil hê ons moet loop nie. Ons volg ons eie kop en so mis ons 'n wonderlike lewe. Lees ***Jesaja 49:1 en 13.***
2. Net soos die potlood gaan ek en jy ook soms hartseer en minder lekker dinge moet deurmaak! Alles gaan nie altyd verloop soos ons dit wil hê nie. Op die ou-end, al verstaan ons dit nie nou nie, wil God hê dat al die hartseer van ons sterker en beter mense maak. Lees ***Psalm 23:2***
3. Geen fout wat ek en jy ooit sal maak, gaan té groot wees om reg te maak nie. Nie omdat ons so wonderlik is nie, maar omdat God ons help. Lees **Jesaja 41:10 en 1 Johannes 1:9.**
4. Ons bestee baie tyd aan ons uiterlike voorkoms en ons is baie bekommerd oor ons klere en haarstyle. Maar ons heel belangrikste deel, is dit wat net God kan sien - ons harte. Lees **Psalm 51 :8, 12.**
5. Oral waar ons gaan, of ons dit wil weet of nie, laat ons 'n merk. Dit is 'n mooi of lelike merk.
   Wat sien mense in jou lewe - waar jy ontspan, skoolgaan, werk en speel?
   Lees **Jesaja 31:21** en **2 Korintiërs 3:1-3 en 18**.

DEEL VIR ELKE KIND 'N POTLOOD UIT
(Oorgeneem uit 'n onbekende bron en aangepas deur Christa Theron - Wellington)